

# DIE SKIETLOOD



SKIETLOOD: 91e Uitgawe 15 Julie 2016 saam met Koersvas 91

## Weer sal kom?

In ons geloofsbelydenis het ons raakgesien dat Jesus se werk hier op aarde beskryf word met werkwoorde wat in die voltooide verlede vorm is. Na Sy hemelvaart in die verlede het ons gesien die hede word gebruik om Jesus se geopenbaarde gesagsposisie te beskryf. Na die hede van Christus as aan die regterhand van die Vader, beweeg ons vir 'n oomblik na die toekoms. Dit is omdat die laaste oor Christus nog nie bely is nie en die laaste dae behoort ook aan Hom. Vir nog een oomblik moet ons beweeg saam met Jesus, net om weer terug te kom na Sy werklikheid in die Gees. Ons het van die afgehandelde verlede (perfekta-) beweeg na die hede (praesens) van Jesus op die troon. Die toekoms behoort aan Hom. Hy kom weer. Met dieselfde sekerheid waarmee ons na Jesus se koms en verheerliking verwys, kan ons verwys na Sy wederkoms. Ons leef in die herinnering van wat Jesus gedoen het en in die verwagting van wat Hy nog gaan doen. Al is hierdie wederkoms noodsaaklik, is dit nie voor die handliggend nie.

Beide die belydenisse bevat ook hierdie kernwaarhede. Die Niceense belydenis voeg by; 'wat sal kom met heerlikheid, wie se heerskappy geen einde sal hê nie - *inde venturus est cum gloria judicare vivos ac mortuos, cujus regni non erit finis.*' Jesus se wederkoms is een van heerlikheid in skrilte kontras met die nederige van die eerste koms in

Bethlehem. Daarmee saam moet ons weet dat Sy heerskappy sonder einde sal wees. Dit impliseer natuurlik dat Hy nou reeds regeer en dat Sy wederkoms nie hierdie heerskap gaan eindig of onderbreek nie.

Die vraag word soms gestel na die 'van waar Hy sal kom'. Waar is daardie 'van waar'? Word die regterhand van die Vader bedoel, of die hemel. Uit die voorafgaande is dit baie duidelik dat ons bevestig dat dit vanuit die hemel is. Jesus se gesagsposisie word beskryf deur die verwysing na die regterhand te gebruik. Hierdie "regterhand" is nie 'n plek nie, maar 'n toestand wat eie is aan die Tweede Persoon van die Triniteit. Sy eerste koms was nederig en stil, die tweede koms gaan in heerlikheid geskied aan die einde van tyd.

Ons bestaan in die tussen-bedeling. Die nou van vandag sluit die gister en die môre in. Tussen koms en wederkoms is die tydperk van God se geduld en genade. Jesus se daede in die verlede (Dood, opstanding) is selfstandige feite wat die werklikheid van die hede oorheers. Streng gesproke is die hede, verlede en toekoms almal eintlik opeenvolgende aspekte van hierdie een tydperk. Die ware toekoms word geskilder as die dag van die wederkoms. Ons is nou vasgevang in die ritmiese gang van tyd, maar tyd se einde kom met die toekoms van die Goddelike era. Van hierdie era waarin ons lewe, kan ons nie iets meer of anders verwag nie,



die kruisgebeure het alles omsluit. Jesus se koms vanuit die heerlijkheid van Sy heerskappy is die eindelike toekoms. Jesus se woorde aan die kruis dat alles volbring is, maak elke oomblik van hierdie tyd, God se tyd. Tog, volbring is nie voltooid nie. Ons is met God versoen, maar nog nie verlos van die werkinge van hierdie werklikheid nie. God se geduld maak die versoeningsdeur oop vir opeenvolgende geslagte. By die wederkoms sal ons verlos wees. Ons kan met ander woorde hier lewe as mense wat met God versoen is, Hy hou ons verlossing in pag vir die laaste dag. Met die wederkoms gaan daar nie 'n verdere openbaring wees nie. Die kruisgebeure word met reg God se voltooide openbaring genoem. Al is Jesus se regering nou versluier, sal die sluier gelig word by die wederkoms. Net soos elke mens se sterflikheid feit is, het hierdie bedeling ook 'n vervaldatum. Elke mens is een dood verskuldig. Daar kom 'n dag vir elke mens waarop daardie persoon se deelname in tyd sal ophou. Net so gaan daar 'n dag kom wat die einde van tyd sal inlui, met geen môre wat op daardie dag volg nie, die dag van die wederkoms.

Die Heidelbergse Kategismus stel:  
*Vraag 52: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?*

*Antwoord: Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het.*

*Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlijkheid saamneem.*

Vir baie sal die invalshoek vreemd voel. Hoe kan ons troos vind in die Here se oordeelskoms om te oordeel. Die troos is daarin dat die een wat ons verontskuldiging bewerkstellig het, die een is wat gaan oordeel. Ons sal later net weer oor 'n moreel-etiese oordeel moet uitbrei. Die dubbele ongemak van 'n wederkoms en 'n oordeel val op. Dit beteken dat Hy gekom het. Teenoor die Jode is ons boodskap duidelik ... Hy het gekom. Die Jode verwag die eerste koms van die Messias. Ons antwoord aan hulle moet dieselfde bly. Hy het gekom, Hy het aan die kruis ons sondes gedra. Hou op om die Messias in die toekoms te verwag, Hy regeer reeds. Verwag die wederkoms en finale regspraak. Ons leef nou in die tyd van verwagting, nie in die tyd van aanskoue nie. Daar was net veertig dae van aanskoue, en dit was die tydperk tussen opstanding en hemelvaart. Nou hoop ons, eendag sal ons sien.

Teenoor die Moslems is ons boodskap net so duidelik. Hy het gekom. Hy is meer as net 'n profeet. Hy is meer as Mohammed. Sy identiteit is nou versluierd. Ons kan Hom die rug keer, ons kan nou Sy gesag ontken en 'n selfaangestelde profeet met gesag beklee, met tydelike gesag. Mohammed was geen ware profeet nie want hy het Jesus as minder voorgestel deur Hom bloot tot profeet te verklaar. Hy is meer

as profeet, Hy is die Messias en Hy kom weer. Hy alleen sal oordeel. Net soos al die ander godsdienste, sal Islam ontmasker word. God se oordeel oor godsdienste is finaal.

Hoe lank moet ons nog wag? Dit is 'n dwase vraag. God is die een wat geduldig en lankmoedig deur woord en sakrament uitreik na sondaarmense. Vir twintig eeue sover word mense geroep tot bekering en geloof, nooit gedwing nie. God roep en soek die mens; Adam, waar is jy? Paulus, waarom vervolg jy My? Waarom so ongeduldig? God gaan nie deur ons ongeduld beweeg word nie. God het tyd, Hy het immers tyd geskep, Hy het baie tyd en baie geduld. God gee ons tyd en geleentheid, Hy is in beheer en skep vir ons tyd om tot bekering te kom. Net omdat dit lank vat vir die dag van die wederkoms om aan te breek, beteken dit nie dat die dag nie gaan kom nie. Die dag van die koms is gewis en seker.

#### Oordeel

Die skadu van die kruis en die skadu van die hemelvaart word oorvleuel deur die veilige ruimte van die wederkoms. Jesus is in 'n wolk opgeneem. Ons lees in die Ou Testament van die wolkkolom en vuurkolom wat Israel gelei het in die woestyn. Die skadu van die kruis beskerm ons teen die felle blik van God op die sonde. Die wolk van die hemelvaart is die wolk van wederkoms. Ons is veilig en vas in Sy genade. En tog hoor ons daardie vreesaanjaende woord, ons hoor van oordeel.

Die oordeel gaan 'n werklikheid wees vir alle mense, van alle tye. Daar is nie

eens die geleentheid om in die graf te skuil nie. Die wat lewe en die wat reeds gesterf het gaan almal die komende oordeel ervaar.

Die mees veroordeelde woord vandag is die woord; 'oordeel'. Dit is veral met verwysing na God wat die woord, LIEFDE, voorop gestel word. God is liefde, God moet vergewe, mense dink God se werksopdrag is om te vergewe. Die feit dat die Bybel 'n ander beeld gee, pla humaniste skynbaar min. God vergewe, ja, maar nie as opdrag of wesensvoorskrif nie. God kom nader om te oordeel. God spreek 'n oordeel uit. As Skepper is Hy geregtig daartoe. Ons as sondaarmense is aan die ontvangkant van God se oordeel. En tog is daar hoop. Daar is reeds na die wederkoms verwys as 'n troos-oomblik. Wat het gebeur?

Jesus het mens geword om ons te verlos. Hy het ons oordeel op Hom geneem. Hy was sonder sonde, maar het gekies om Homself te oordeel met ons sonde. Hy het gekies dat God se oordeel op Hom neerkom. Ons as mense het ons swakheid net bewys. Hy wat onskuldig was, is deur ons skuldig bevind. God se straf het Hom getref. Die opstanding was net so deel van die oordeel van God. God het Hom regverdig verklaar. God het oor Hom regverdigheid uitgespreek en Hy kom weer. Hy kom as die een oor wie regverdigheid uitgespreek is om ons wat skuldig is, onskuldig te verklaar.

Teen die agtergrond moet een saak met stelligheid beklemtoon word. Enige gedagte van 'n moreel etiese oordeel is 'n

mistasting. Indien ons Jesus se oordeel gaan vervlak tot 'n morele oordeel, trek ons 'n streep deur Golgota. Jesus het juis die volle prys betaal omdat ons nie die Wet kan gehoorsaam nie. Die Wet se oorheersing is deur Jesus beëindig. Die Wet word deur die Evangelie omvat. God se oordeel is skerper as die toevalligheid van ons suksesse en struikel-geleenthede. Die swaard sny tot in die hart van geloof. Hoe staan jy hier? Net een antwoord sal deug. Skuldig, maar in Christus vrygespreek. Dit is die dwaas wat vra dat die boek van sy lewe oopgemaak moet word want dan is hy reeds veroordeel.

Ons oorwin in Christus. Ons vrees nie die oordeel nie. Die oordeel van Christus beteken vir ons die Ewige Lewe. Die vraag is na die egtheid van ons geloof. Egte geloof roep egtheid van lewe in aansyn.